

Preekskets oor Psalm 8: 1 en 4

Ons wonderbare God onthou en gee om: Dankdiens 2009

Inleiding

God se Naam word nie net in ons harte groot gemaak nie; sy Naam is wonderbaar oor die hele aarde. Baie klein dingetjies, op die oog af onbelangrike detail, openbaar die grootheid van die Here. Elke blommetjie wat oopgaan, elke voëltjie wat sing, elke nuwe lewe op ons planeet, verkondig die majesteit van God. Elke betekenisvolle verhouding en elke verliefde paartjie en elke ma wat noukeurig sorg vir haar baba, help ons verstaan hoe heerlik en wonderlik ons Here is.

Maar ons sien ook die heerlijkheid van God in die groot dinge van die universele werklikheid. As jy die kus besoek, sien jy die mooiste sonsondergange. As die son in die see verdwyn raak dit stil op die strand. Dit voel baie soos die gehoor by 'n simfoniekonsert, net voor die dirigent opstap. Gesprekke word stil. Alle oë is op die kleurvolle horison. Die stille heerlijkheid van God se sonsondergang werk met ons emosies en bring verstomde verwondering in ons harte. As die son in die see verdwyn het, gaan elkeen weer voort met dit waarmee hulle besig was. Maar met hierdie vers in jou hart: **"Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!"**

God se heerlijkheid skyn in die hemel, maar ook op die aarde. Dit skyn deur die skoonheid van son, maan en sterre. Hulle vertoon die karakter van die ewige Kunstenaar. Die wonderbare majesteit van die hemelruim demonstreer aan ons die onbegryplike grootheid van God.

Vandag is vir ons 'n dankdag. Ons is bymekaar om God te dank en te loof. Hy is die bron van al die baie seëninge wat ons ontvang en dankbaarheid beteken om waardering te betoon aan die een wat jou behoefte vervul het.

I Die majesteit van God (vs 1 en 9)

Dawid begin en eindig Psalm 8 met dieselfde woorde - woorde van lof aan God:

(Ps 8:1 en 9) Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde

God se Naam staan vir sy persoon, sy wese, sy karakter - en dit is alles majestueus en wonderbaar. "Wonderbaar". In Hebreeus, vertel hierdie woord van 'n onvergelykbare, almagtige God.

Ons glo in en aanbid die enigste, ware, lewende God, wat Gees is, wat persoonlik, oneindig en ewig is. Hy is teenwoordig op elke plek as die almagtige oorsprong en soewereine Heer van alles. Hy kan nooit genoeg gedank word nie. Hy is die allerheiligste en die mees vrye. Hy is volmaak in wysheid, regverdigheid, waarheid en liefde. Vir ons is Hy die bron van alle ontferming en genade. Aan Hom hou ons vas. Ons aanbid en gehoorsaam Hom. Aan God behoort al die heerlijkheid, tot in ewigheid. (Art 1 van die 24 Artikels van die Geloof).

(Sien al 24 Artikels op hierdie webwerf by Hulpbronne : Ons Glo.)

Ons hoor hierdie boodskap op elke bladsy van die Bybel.

(Eks 15:11) Wie van die gode is soos U, Here? Wie is soos U, so hoog geëer en heilig? In lofsange word U vereer, Bewerker van wonderdade.

(1 Sam 2:2) Daar is geen heilige soos die Here nie, buiten U is daar nie een nie, daar is geen rots soos ons God nie.

(Jer 10:6) Waar is iemand soos U, Here? U is groot, die mag van u Naam is groot.

God is majestueus. Hy is wonderbaar in krag, in heerlijkheid, in grootheid, in heerlijkheid, in werke en in heiligheid. Niks kan met Hom vergelyk word nie. Daar is geen ander god soos die HERE, die Almagtige nie.

Vir koning Dawid is die majesteit van God veral sigbaar in sy groot en wonderlike skepping. Dawid kyk na die son, maan en sterre, hy kyk na die visse, voëls en diere en hy kyk na die mens. Hy sien alles wat God gemaak het en sê:

(Ps 8:1,9) Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde.

II Die Majestueuse God dink aan ons en gee om vir ons. (vs 4)

In vers 4 van die psalm verskuif Dawid se aandag van die grootheid van God, na die broosheid van die mens.

(Ps 8:4) Wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?

As hy die woord “mens” gebruik, dink hy aan die swak en sondige wese wat uit stof gemaak is en uit ’n vrou gebore is. In vergelyking met die heerlikheid van God waarvoor ons met verwondering staan, wat is die mens? In vergelyking met God lyk die mens na niks, na ’n stof-spikkel. Klein en onbelangrik.

Wat die psalmdigter die meeste verbaas en waarop hierdie dankdag betrekking het, is dat die wonderbare God omgee vir ons, die klein swak skepsel wat “mens” genoem word. Hy dink aan ons. Hy onthou ons. Dit is onverklaarbaar dat God, die onvergelykbare, almagtige, die skepper van hemel en aarde, aan ons dink en besorg is oor ons welstand. Maar Hy is. En dit is waarom ons saamkom - om die liefde en seën van die Here te onthou en ons dank en lof aan Hom te bied.

God dink aan die mens. Hierdie is ’n verbonds-uitspraak. Die feit dat Hy die mens nie vergeet nie, is ’n verbondsbefoorte. In die ewigheid dink Hy aan ons. Van voor die skepping van die wêreld dink Hy aan ons. Dit het God aan Adam befoort. Hy het dit opnuut aan Abraham en sy nageslag bevestig. In Christus dink Hy altyd aan sy nuwe verbondsvolk. Petrus herinner die mense op die eerste Pinkstersondag daaraan dat Christus die ware, befoorte Messias is en dat Hy, deur sy Gees, by elkeen bly wat in Christus is. Petrus sê hierdie befoorte is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar vêr is (dit is ons!) wat die Here ons God na Hom toe sal roep.

Omdat God dink aan sy volk, bring Hy hulle veilig uit die slawerny van Egipte na die befoorte land toe. Omdat God dink aan sy volk, bring Hy hulle terug uit ballingskap om weer die tempel te bou en in gemeenskap met Hom te leef. Omdat God aan ons dink, gee Hy sy eniggebore Seun, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Joh 3:16 en17).

Omdat God aan ons dink, vergewe Hy ons sonde deur die versoeningsbloed van Christus. Omdat God sy kinders nooit vergeet nie, gee Hy vir ons die gawe van verlossing, plant Hy nuwe lewe in ons, bring Hy ons tot bekering, lei Hy ons na berou oor sonde en na geloof in sy vergifnis en genade. Hy verenig ons met Christus, heilig ons en maak van ons die gemeenskap van die gelowiges - sy Kerk. Omdat God befoort om aan ons te dink, vervul Hy al sy heerlike befoortes aan ons oor ’n beter en nuwe lewe in ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde.

"Wat is die mens dat U aan hom dink?" Ons verdien dit nie. Nie een van ons, swak en sondige skepsels, verdien dit dat die wonderbare God van die hemel aan ons dink nie. Nogtans onthou die Here ons en onthou Hy al sy befoortes aan ons, sy mense. Wanneer ons saamkom om Hom te dank, dan sê ons graag saam met die psalmdigter: (Ps 8:1,9) **Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!**

God sien om na ons. Ons sal nalatig wees as ons die Here net vir geestelike gawes dank, want Hy onthou ook ons fisiese behoeftes. Hy onthou ook dat Hy in sy verbond befoort het om ons daaglikse brood vir ons te gee. In die tuin van Eden reeds het God vir Adam en daarmee aan die hele mensdom gesê dat Hy die vrug van elke plant en boom vir hom gee om te eet. (Gen 1:29). God het befoort om vir die mens kos te gee.

Na die vloed bevestig die Here hierdie befoorte aan Noag en deur hom aan die hele mensdom: (Gen 8:22). **Alles wat roer en lewe, sal kos wees vir julle. Naas die groen plante gee Ek dit alles vir julle.** Jesus het ons geleer om te bid: **Gee ons vandag ons daaglikse brood.** Ook in die nuwe verbond in Christus, het ons die befoorte dat die Vader luister as ons met Hom praat oor die daaglikse, fisiese behoeftes in ons lewe.

God dink aan hierdie befoortes aan ons. Daarom kan Ps. 8 ondubbelsinnig verklaar dat God omsien na ons, dat dit Hy is wat kos, water, klere en skuiling bied. Hy gee ons die vermoë om te lewe, ja, elke asemteug is ’n geskenk uit sy hand.

God is baie goed vir ons. Ons leef in ’n land van melk en heuning. As ons selfsug en gierigheid kon oorwin, sou almal elke dag genoeg kon hê. Die Here het genoeg gegee. As diewe nie steel en rowers nie vir hulle meer toeëien as wat hulle nodig het of hulle toekom nie, sou elkeen in vrede elke aand by sy eie skuiling, versadig en verkwik, die rus van die Here kon geniet!

Ons is ook, soos die psalmdigter, verstom en verbaas oor die goedheid van die Here wat ons nooit vergeet nie. Ook ons vra in verwondering, *o Here, wat is die mens dat U aan hom dink en wat is die mens dat U na hom omsien.*

Maar, wat anders moet ons van God verwag? Ja, Hy is die wonderbare en majestueuse God, maar Hy is ook die Verbondsgod, die HERE, (Jahwe), wie se karakter juis inhou dat Hy sorg, onthou, beskerm en bewaar. Om enige iets anders te doen sou ontrou aan sy eie karakter wees! As die HERE nie sorg nie, dan verloën Hy homself, sy wese, sy persoon, sy verbond en sy Naam.

Slot

Vandag is vir ons 'n dankdag. Vandag vier ons fees omdat die Here ons onthou, aan ons dink en vir ons sorg - geestelik en liggaamlik. Vandag bied ons Hom dank en lof vir al sy gawes en seën. Vandag sing ons graag saam met die psalmdigter van Ps. 8, (Ps 8:1,9) **Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!**

Ek sluit af met 'n storie: Daar was 'n gesin met 'n pa wat altyd voor elke ete gebid en God nie net gedank het vir die kos nie, maar ook vir al sy gawes en goedheid. Maar dadelik, na die gebed, sommer so met die inskep van die kos, het hy begin kla oor die kwaliteit van die vleis, die grootte van die eiers, die aartappels wat te sag is, die rentekoers wat te hoog is, sy salaris wat te klein is, die hoë pryse wat hy die dag moes betaal en baie meer.

Eendag het sy klein dogtertjie hom op sy plek gesit. "Pappa" vra sy, "hoor die Here as ons bid om vir Hom dankie te sê vir alles wat Hy vir ons gee". "Ja, natuurlik", antwoord hy. "En, pappa" gaan sy voort, "hoor hy ook as ons kla oor die vleis en die aartappels?" 'n Bietjie huiwerig sê hy, "ja, Hy hoor dit ook." "Pappa," sê sy toe weer, "watter een van die twee glo die Here dan?"

Wat glo God? As ons Hom dankbaar aanbid en loof vir sy goeie gawes, of as ons 'n ondankbare, selfsugtige lewe lei?

Mag ons te alle tye, in alles wat ons sê en doen, met ons hele lewe, lof, aanbidding en dank bring aan ons wonderbare Here, ons God. Mag ons dit bedoel as ons sê: (Ps 8:1) **Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!**

Want (Ps 8:4) **wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?**

Dit is die Woord van die Here.

In die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Amen.